
Alberton Suid
Kom Tuis

WELKOM









TUIS

Alberton Suid
Kom Tuis

Kom Tuis

BY ALBERTON-SUID

Hoekom bestaan hierdie gemeente:
sodat jy kan groei in geloof
deur dissipelskap en liefde!

Ons doen dit deur ‘n aantal bedieninge wat ons oortuig is die Here ons opdrag gegee het om aan te bied.

Sondae is lankal nie meer die hoofmoment van die week waar ons voor God versamel word nie,
maar die eredienste speel steeds ‘n belangrike rol in die bediening van die Woord in ons gemeente.
Covid het talle uitdagings gebied oor hoe ons bedien.
Tegelykertyd is daar talle geleenthede waar ons meer erns moes maak oor hoe ons elkeen verantwoordelikheid kan neem om ons verhouding met God te verdiep.

Alberton Suid
Kom Tuis

Hier is ‘n paar dinge wat jy moet weet oor die erediens geleentheid.

- Die erediens vind plaas om 09:00.
- Alle eredienste word ook virtueel aangebied.
- Daar is egter niks wat persoonlike kontak tussen die gemeenskap van gelowiges kan vervang nie. Dus wil ons u sover as moontlik aanmoedig om deel te wees van die erediensgeleentheid.

Dit is die primêre ruimte waar ons kan voel ons ‘behoort’. Dit is die ruimte waar jy God se liefde, maar ook dié van jou medegelowiges wat saam jou aanbid, kan ervaar.

Saam reis ons om nader aan God en nader aan mekaar te wees.

Alberton Suid
Kom Tuis

Kom Tuis

BY ALBERTON-SUID

Hoe kom jou familie tuis by ons?

- Vul die lidmaatregistrasie vorm in. ‘n Leraar sal binnekort kontak maak met u om u beter te leer ken.

- Woon ‘n nuwe-lidmaat geleentheid by sodat ons u kan bekend stel aan die verskillende bedieninge van u gemeente. Hierdeur sal u ‘n gevoel kry van waar u moontlik kan inskakel. Ons besef dat die beste manier om deel te wees, is om deel te neem!


- Een van die maniere waarop jy ‘tuis’ kan kom in ons gemeente en jou liefde vir God en vir mense is om betrokke te raak in die geloofsfamilie en geloofsgemeenskap.

- Ons probeer op verskeie maniere ruimtes skep waar elkeen met sy/haar besondere talente, gawes, behoeftes en lewensfases hulself kan uitleef en groei.

ONS DROOM IS OM DEUR DISSIPELSKAP EN LIEFDE 'N GROEIENDE TUISTE TE WEES WAAR ALMAL NABY GOD KAN WEES

Alberton Suid
Kom Tuis

Ons bedieningsmodel lyk soos volg:



Alberton Suid
Kom Tuis

Ons bedieningsmodel lyk soos volg:

Die twee leraars vervul elkeen 'n dinamiese rol as visie draers in die gemeente

Ds Natalia Strydom is verantwoordelik vir die algehele bediening van die gemeente.

Ds Johan Heyns is in die besonder verantwoordelik vir die pastorale bediening in die gemeente.

Beide jou leraars het jou verhouding met God as hul prioriteit. Hul droom is dat jy nader aan God en nader aan jou medegelowiges sal kom deur jou groei in dissipelskap.

Die leraars staan egter in diens van die Gemeenteraad. U kan dus met enige klagtes, vrae of terugvoer direk met die voorsitter van die Gemeenteraad kontak maak.

Die Gemeenteraad is verantwoordelik om die bedieninge van die gemeente uit te voer. Om dit te doen is daar Gemeenteraadslede wat verantwoordelikheid neem as ko-ordineerders en sameroepers van 'n bedieningsterrein.

Alberton Suid
Kom Tuis

Ons bedieningsmodel lyk soos volg:

Die volgende is bedieningsterreine van die gemeente:

Administratiewe bediening

Sameroeper: Bestuurshoof Frikkie Schroeder

Sluit in:
Diensverhoudinge (personeel),
Geboue en Terreine
Finansies en Finansiele bestuur

Jeug bediening

Sameroeper: Bedieningsassistent Rentia Human

Sluit in:
Loftjokkers (voorskoolse bediening),
Lofland (laerskool bediening)
Icon (tiener bediening)
Confessio (Belydenisgroep)
Matrieks
Jong volwassenes

Gemeenskaps en Missionêre bediening

Sluit in:
Sopkombuis (bedien 5 dae 'n week).
Pak-'n-Sak kosbediening
Laerskool Montanus voedingskema
Uitreike: Spesifiek met Pinkster en Kersfees maar ook soos die nood roep.

Alberton Suid
Kom Tuis

Die volgende is bedieningsterreine van die gemeente (vervolg)

Lidmaatversorging bediening

Sameroeper: Ds Johan Heyns en Natalia Strydom

Sluit in:
Manne bediening
Vroue bediening (Sielsusters)
Alimentasie
Pastoraat
Sieke- en hospitaalbesoek
Doop- en huwelikskategese
Vriesvriende (as iemand deur 'n krisis tyd gaan
wil ons praktiese hulp in die vorm van 'n warm maaltyd verskaf).
Senior bediening

Kommunikasie bediening

Sameroeper: Marais Wessels

Sluit in:
"Live-streaming" van eredienste
Digitale en virtuele bediening

Tegniese bediening

Sameroeper: Pierre Wessels

Sluit in:
Tegniese versoring van eredienste.
Data-bord
Klankbord
Webblad
Sosiale media

Alberton Suid
Kom Tuis

Die volgende is bedieningsterreine van die gemeente (vervolg)

Musiek bediening

Sameroeper: Musiek begeleier Tjom van Aswegen

Sluit in:
Beplanning van musiek vir eredienste
Selektering van liedere in oorleg met liedere
Spesiale eredienste

Prediking en Lering

Sameroeper: Leraars

Sluit in:
Beplanning en ko-ordinering van preekreekse
Toerustinggeleenthede
Konferensies en kursusse

Rentmeester

Sameroeper: Koos Meyer

Sluit in:
Bestuur van gawes en talente in gemeeente
Tiende maand dankoffer
Jaarlikse dankoffer
Fondsinsamelinggeleenthede

Alberton Suid
Kom Tuis

Bedieningsarea waarby u betrokke kan raak
Die sameroeper sal in kontak met u tree

Bedieningsarea

ADMININSTRASIE

Geboue en Terreine

- Verfraaiïng van gebou ☐
- Verfraaiïng van terrein ☐
- Verfraaiïng van tuin ☐
- Verfraaiïng van dekor ☐

Diensverhoudinge

- Advies oor arbeidsake ☐

Bedieningsarea

JEUG

- Loftjokkers (Voorskoolse bediening) ☐
- Lofland (Laerskool bediening) ☐
- Icon (Tiener bediening) ☐
- Confessio (Belydenisklas bediening) ☐
- Matriek (bediening) ☐
- Jong Volwassenes (Na-skool, studente) ☐
- Uitreike van Jeug ☐
- Fonds insameling ☐
- Kampe ☐
- Check-In (Vrydae geleenthede) ☐
- Gesins oomblik ☐
- Kategese ☐

Bedieningsarea

GEMEENSKAP

- Sop kombuis Vrywilliger ☐
- Sop kombuis Bestandele skenk ☐
- Laerskool Montanus Voedingskema ☐
- Tutela (CMR Verteenwoordiger) ☐
- Uitreike beplanner ☐
- Pak-'n-sak bediening (skenk maandeliks) ☐
- Vakansie program ☐
- Ander ☐

Alberton Suid
Kom Tuis

Bedieningsarea waarby u betrokke kan raak
Die sameroeper sal met u in kontak tree

Bedieningsarea

MUSIEK

- Speel van musiek instrument ☐
- Voorsang ☐

Bedieningsarea

LIDMAAT VERSORGING

- Sluit aan by Manne bediening (twee weekliks) ☐
- Sluit aan by Vroue bediening (twee weekliks) ☐
- Sluit aan by Seniorbediening (weekliks op Donderdae) ☐
- Senior kontaksessie (een keer per maand) ☐
- Vriesvriende ☐
- Allimentasie ondersteuning ☐
- Dien op vrywilliger groep ☐
- Funksies ☐
- Toerusting geleenthede ☐
- Sluit aan by Aktief ☐

Bedieningsarea

KOMMUNIKASIE

- Kontak my om te help met bemarking ☐
- Grafiese ontwerp hulp ☐
- Ander ☐
- Live-streaming van eredienste ☐

Alberton Suid
Kom Tuis

Bedieningsarea waarby u betrokke kan raak
Die sameroeper sal in kontak met u tree

Bedieningsarea ***PREDIKING EN LERING***	Inkleding van erediens ruimte vir spesiale geleenthede ☐	Beplanning Idees Hulp met toerusting geleenthede ☐

Bedieningsarea ***RENTMEESTER***	Fonds insameling projekte (maandeliks) Padkafees Kontak my vir hulp ☐	Groot fonds insameling projekte (een ker per jaar) Basaar/ Kermis Kontak my vir hulp ☐	Ek bied my tyd aan vir die gemeente ☐	Ek bied my vaardigheid aan vir die gemeente ☐	Ek verbind my tot my jaarlikse dankoffer ☐	Ek verbind my tot my maandelikse dankoffer ☐

Bedieningsarea ***ANDER***	Enige voorstelle/ leemtes of advies.

Alberton Suid
Kom Tuis

MY VERBINTENIS

aan die gemeente van God

Deur dissipelskap
wil ek my geloof uitleef
deur my deelname
aan die bedieninge
van NG Alberton-Suid gemeente

Daarom verbind ek my tot die volgende:
Om saam te aanbid
saam te groei
saam te dien
saam uit te reik
saam verantwoordelikheid te aanvaar
ter wille van my en ander se geloof

Ek verbind my om so op te tree dat ek die eenheid in die liggaam van Christus sal bevorder.

Handtekening:

_____



Alberton Suid

Kom Tuis